Oordenking
3 Mei 2017.

Sê nou net Jesus het regtig uit die graf opgestaan?

Die Paastyd vier ’n leë graf. Paastyd onthou dat niemand, geen mag of krag, Jesus in die graf kon hou nie.

Die Bybel leer in eenvoudige, selfs kinderlike eenvoud, dat Jesus gesterf en opgestaan het. Elke Christen prediker van die vroegste kerk het dit die hoofsaak van hulle prediking gemaak. En in elke eeu wat gevolg het, het dit die kern waarheid van die Goeie Nuus oor Jesus gebly. Die Christen geloof en diens aan die wêreld is hierop gebou.

Niks kon die graf so toesluit, dat dit ons Messias, ons Christus, daarin kon hou nie. Geen soldate of klip en, ja, geen slim teologie, leuen of misleiding kan Jesus in die graf toesluit nie.

Toe Jesus begrawe is, het die hoop in die harte van Jesus se vriende weggeraak. Die dissipels het begin glo dat hul Meester verslaan is. Maar die getuienis van baie wat saam met Hom was na sy opstanding kom ooreen: ***Christus het die laaste vyand, verslaan***!

Die priesterhoofde en fariseërs het by Pilatus ’n opdrag gevra om die graf te beveilig en te verseël.
(Mt 27:63-64) Hulle het by Platus gekom en vir hom gesê: *“Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër nog geleef het, hy gesê het: ‘Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.’ Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: ‘Hy is uit die dood opgewek’ nie. Dan sal die tweede bedrog erger wees as die eerste.”*

Ons moet erken dat hulle Jesus reg aangehaal het. Jesus het oor sy opstanding profeteer. Hy het vir sy volgelinge gesê:
(Mt 20:18-19) *“Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.”*

Die priesters en fariseërs was bang. Sê nou net Jesus het die waarheid gepraat, het hulle vir mekaar gesê. Sê nou maar Jesus het opgestaan? Sê nou net die lewelose liggaam het weer begin asemhaal? Sê nou hierdie man wat hulle doodgemaak het kom nou na hulle toe om hulle uit te daag oor wat hulle aan Hom gedoen het?

Sê nou net die lewende Here kom daag ons uit oor die wyse waarop sy opstanding ’n impak op lewens het – of nie het nie?
Want Jesus het die waarheid gepraat toe Hy plegtig verklaar het dat Hy op die derde dag sou opstaan uit die dood.